Gimmie Griffie

9 Februarie 2018

Webtuiste: www.gimmies.co.za ***Uitgawe: 4***

GEAGTE OUERS

Baie sterkte aan al die afrigters en atlete – volgende Saterdag gaan **uiters** straf en gelykop wees. Ons atlete sal hulle beste moet lewer en **baie** Gimmie-*guts* wys. Voorspoed!

Volgende week se program is baie vol en ons versoek alle ouers en leerders om asseblief by die kleredragreëlings te hou. (Sien program.)

Baie geluk aan almal wat toekennings by die prysuitdeling ontvang het, ons is saam trots.

Ons herinner die graad 12-ouers aan ons bankieprojek. Die bankies is aangekoop, lyk baie mooi en word baie gebruik. Ons versoek graad 12-ouers om asseblief nog 'n bydrae te maak.

Ek wil net weer die volgende reëling vir uitteken van leerders bevestig. U moet **vooraf** met die hoof of betrokke adjunk-hoof reël en dan kan u die leerder kom haal en uitteken. Indien u nie vooraf gereël het nie, sal die kantoordames u versoek om persoonlik by een van die adjunkhoofde of hoof toestemming te kry. Niemand sal toegelaat word om saam met maats uit te teken as u nie vooraf gereël het nie.

BAIE BELANGRIK: Aangeheg is die amptelike kennisgewing van die BL-verkiesing. Teken asseblief die datum aan en woon dit by sodat daar 'n kworum kan wees.

Gimmie-groete,
RA Oosthuizen

VOLGENDE WEEK SE PROGRAM

Maandag 12 Februarie
Kleredragreëling: Volle skooldrag
Gholf Potchefstroom
Geesvang 18:00-20:00
Mnr. & Mej. Gimmie-kleedrepetisie

Dinsdag 13 Februarie
Kleredragreëling: Volle skooldrag met sterre
Mnr. & Mej. Gimmie en personeelkonsert

Woensdag 14 Februarie
Kleredragreëling: Volle skooldrag met iets rooi
Valbal: Crista Galli (18:00)
Kooroefening (18:00-20:00)

Donderdag 15 Februarie
Kleredragreëling: Siviele klere
Swem: Interhuis **en** entrepreneursdag
Kulltuuruur: 13:00-14:00
Atletiek: POSSA

Vrydag 16 Februarie
Volle skooldrag – gewone skooldag
Atletiekspan: voorstelling

Saterdag 17 Februarie
Atletiek: NW-Interhoër (Mc Arthur-stadion)
Krieket: o/15A Finsbury

ATLETIEK

Die Gimmie-Prestige-atletiekbyeenkoms het die afgelope naweek op die Mc Arthur stadion plaasgevind. Die finale puntestand was soos volg:

- Garsfontein (1342)
- Gimmies (1318.5)
- Vereeniging Gimnasium (827)
- Eldoraigne (821.5)
- Centurion (784)

Die volgende Gimmie-atlete het meer as 1000 punte behaal: Phemelo Molale, Riandi Boshoff en Karmen Fouché. Atlete wat meer as 900 punte behaal het, is: Phemelo Molale (x2), Nardus Swart, Danielle Verster, Philip Botha, Lienge Lamprecht, Karmen Fouché (x2), Wiané Joubert en Miandi van Staden. Agt en dertig prestasies bo 800 punte is ook deur die Gimmie-atlete behaal.

KRIEKET

Die eerstespan het vir Kemptonpark met 9 paaltjies in die *Finsbury*-reeks getroef. Die Kempies is vir 53 lopies uitgeboul. Marco Jansen spog met 4 paaltjies wat hy in 6 beurte geneem het, hy staan slegs 12 lopies in die proses af. Gimmies teken die wenlopies in 10 beurte aan en verloor slegs 1 paaltjie. Duan Jansen het 20 onoorwonne lopies aangeteken.

Die o/15's het met 25 lopies teen Kemptonpark verloor. Louis Fourie staan slegs 19 lopies in sy 10 beurte af en spog met 1 paaltjie. Xander van Gas teken 40 lopies aan.

MUURBAL

Dylan Niemack is in die PUK A muurbal-span wat by Olympia Park in Rustenburg aan die Nuwejaar Muurbaltoernooi deelgeneem het, ingesluit. PUK A het die A-afdeling gewen. Dylan beklee die tweede posisie op die SA-ranglys vir seuns o/14. Gimmies is trots op jou prestasies, Dylan!

MUURBALTOERNOOI

Die NW-geslote-muurbaltoernooi vind vanaf 24 Februarie plaas. Alle muurbalspelers wat aan hierdie toernooi wil deelneem, moet voor of op Dinsdag 13 Februarie 'n e-posadres vir mev. Francis de Wet in k.76 gaan gee sodat die inskrywingsvorm aangestuur kan word. Inskrywingsvorms is ook in k.76 beskikbaar.

BERGFIETSY: VERGADERING

Alle belangstellende bergfietsryers en hulle ouers word vriendelik uitgenooi na 'n vergadering wat op Woensdag 21 Februarie om 18:00 in k.17 plaasvind.

ATLETIEK: VERGADERING

Alle atletiekouers word vriendelik uit-genooi na die oueronder steuners groep-vergadering wat op Maandag 12 Februarie om 19:00 in die personeelkamer plaasvind. Ons benodig ouers se hulp by die interhoër op 17 Februarie om die dag spesiaal en aangenaam vir ons atlete te maak. Vir enige navrae kan u vir Tom van

Rooyen (voorsitter atletiek *cluster*) by 082 586 0444 skakel.

CACHET-KOSHUIS

Hiermee ons opregte dank aan die groepie ma's van Cachet wat voor die skool heropen het, hard gewerk het om Cachet-koshuis vir die dogters mooi te maak. Ons het die jaar vir al die dogters nuwe matrasse aangekoop en ons ma's het bykans R20 000 spandeer aan verf en toebehore. Dankie vir julle tyd en fondse wat julle onbaatsugtig aan die koshuise spandeer.

Koshuis-ouers sal binnekort 'n e-pos ontvang waarin ons u sal verwittig van werk wat reeds gedoen is asook projekte wat ons met u hulp wil aanpak.

BRANDWAG-KOSHUIS

Brandwag het twee kamers vir ouers wat daar wil oornag, ingerig. Dit kos R150 per persoon vir bed en ontbyt.

Daar het twee studentekamers oop-gegaan. Belangstellendes kan mnr. Johan Benson (koshuisvader) kontak. Dit is loopafstand van die universiteit en sluit alle etes in.

PRYSUITDELING: BALKIES

Baie geluk aan almal wat 'n toekenning by die prysuitdeling ontvang het! Sodra die 2017-balkielys gefinaliseer is, sal daar inligting in die Griffie wees rondom bestellings en aankope van balkies.